EKSTASE

As voorkomskonsultant Chata Romano jou onder neem, is die eindresultaat iets om oor huis toe te skryf

FOTO'S MICKY HOYLE. MODE CHATA ROMANO; STILIS KYNO MULDER. HARE DIANE VAN OSHUN; GRIMERING FABIENNE ZADEL

YOLANDA SONNENBERG

Nadat sy een van Chata se werkwinkels bygewoon het, het Yolanda Sonnenberg 'n foto van haar vir Chata gestuur in die hoop dat 'n mooimaaksessie na haar kant toe sal kom. Sy was in ekstase toe Chata haar bel en sê dis sulke tyd! Sy het 'n komplimentêre mooimaaksessie gewen. Yolanda (32) is 'n funksiekoördineerder. Sy is 'n fyn blondine met lang hare en het soms gevoel niemand in haar hoëdrukberoep neem haar ernstig op nie. Sy wou vreeslik graag meer professioneel lyk as sy kliënte gaan spreek. Sy was senuagtig toe Chata vir haar sê sy gaan 'n rooikop word, omdat sy gedink het haar blonde hare is aantreklik vir die teenoorgestelde geslag.

Klere

Chata se grootste uitdaging was om Yolanda se voorkoms te herskep sodat sy selfvertroue eerder as onsekerheid uitstraal. Die ligpienk tweestuk is mooi, maar het nie 'n boodskap van selfvertroue uitgedra nie. Haar nuwe Wall Street-voorkoms het die knoop deurgehaak. Die donkergrys rok met potloodstrepies is 'n sagter weergawe van 'n korporatiewe snyerspak. Die rok beklemtoon Yolanda se dun middeltjie en die enkele ry knope (van kop tot tone) laat haar langer lyk. 'n Oorknooprok (met knope van heup tot heup) sou haar korter laat lyk. Die korter, knielengte swart romp vestig die aandag op haar mooi gevormde bene. Hoewel die romp kort is, meen Chata dis steeds binne die perke van die korporatiewe klerekode.

Hare

Yolanda se haarstyl was outyds, en was veral te lank vir haar fyn liggaamsbou. Haar hare is kort gesny maar bo effe langer gelos om hoogte te skep en sodat sy meer stylopsies het.

Grimering

In die lig van Yolanda se nuwe haarkleur moes hulle ook nuut oor haar grimering dink. 'n Ligter skakering is in die middel van die ooglid gevee op haar oë "oper" te laat lyk. Haar mooi mond is beklemtoon met 'n donkerder lipomlyner en lipstiffie.

Yolanda se kommentaar

Ek het altyd geweet daar iets verkeerd met my voorkoms, maar ek kon nie bepaal presies wát nie. Nou weet ek van beter. Ek het dié korporatiewe voorkoms begeer en kli"n-te sien my nou raak as ek in 'n vertrek in-stap. Ek voel eerlikaar of ek die wêreld kan oorwin - en dit as 'n rooikop!

Die metamorfose en nog meer is in Chata se twee nuwe boeke, Kleur en Styl te sien wat landwyd by voorafstaande boekwinkels beskikbaar is. Vir meer inligting oor Chata se onderneming, gaan na: www.chataromano.com

CLAIRE ROBINSON

Claire (29) is 'n onderwyseres wat vir 'n pragtige maar veeleisende klomp sesjariges skoolhou. Sy dra selde grimering en kleregewys trek sy enigiets aan, solank dit net prakties is. Chata wou haar graag onder hande neem, want sy het geweet 'n wenner sal anderkant uitkom.

Klere

'n Kollega het onlangs opgemerk dat Claire soos 'n "dogtertjie" lyk. Die opmerking het haar dronkgeslaan, maar toe sy mooi na haar klerekas kyk, was dit ene sagte dogtertjiegoed. Claire wou graag anders lyk, maar was bang Chata gaan haar in formele pakkies druk wat nie by haar lewenstyl pas nie. Chata het besluit om 'n "voor" uitrusting as riglyn te gebruik om 'n "na" uitrusting met subtiele veranderinge te skep. Die uitrusting is gemaklik en terselfdertyd deftig – en dit was nie vir Chata nodig om haar in 'n ingrypende verandering te druk nie.

Hare

Claire het baie fyn, natuurlike krulhare, wat vanweë die tekstuur pap hang. Haar hare is in lae in 'n polkastyl (bob) gesny wat meer volheid gegee het. Claire het 'n rooierige veldkleur en Chata en haar span het gemeen subtiele, goue ligstrepe sal die rooierigheid van haar vel verminder. Donkerblond is as basiskleur gebruik gevolg deur ligte goudblonde en roomkleurige ligstrepe.

Grimering

Haar wenkbroue is dunner gepluk om die effe "kwaai" voorkoms van swaar wenkbroue te verminder. Skakerings van rooibruin en bruin is gebruik om die goud in haar oë uit te bring en 'n terracotta lipstiffie het die voorkoms afgerond.

Claire se kommentaar

Toe ek in die spieël kyk, kan ek nie glo dis ek nie. Die volgende dag by die skool het alles byna tot stilstand gekom – die kinders kan nie glo dis dieselfde onderwyseres nie.